H. B. Th.
191. T. 4 (4)

Vrystelling, 4 Junie 1968, 11 nm.
Release, 4th June, 1968, 11 p.m.

HENDRIK VERWOERD-TOEKENNING:
PROF. DR. C. N. BARNARD

MOTIVERING DEUR

PROF. H.B. THOM, VOORSITTER, HENDRIK VERWOERD-TRUST

(Kaapstad, 4 Junie 1968)

Die Hendrik Verwoerd-Toekenning, wat die ~~eksklusiefste~~ ~~hoogste~~ vernaamste Suid-Afrikaanse ere-toekenning is en ook al die Nobel Prys van Suid-Afrika genoem is, word vanaand vir die derde keer toegeken. Die eerste keer het dit gegaan aan dr. M.S. Louw, welbekende Suid-Afrikaanse baanbreker-ekonoom en sakeman; en die tweede keer aan wyle dr. H.F. Verwoerd, ons reuseleier en staatsman, wat 'n beslissende aandeel gehad het aan die verkryging en vestiging van die Republiek van Suid-Afrika.

[English x x x]

Vir die Hendrik Verwoerd-Trust, en vir elkeen van die Trustees persoonlik, is dit 'n bron van vreugde dat hulle die derde toekenning kan maak aan 'n man wat eweneens groot dienste aan Suid-Afrika gelewer het, en in baie opsigte aan die naam van Suid-Afrika in die buiteland nuwe betekenis gegee het. Dit is vir ons 'n genoeë dat ons die toekenning kan maak aan ons hoof-eregas hier aanwesig: prof. dr. Christiaan Neethling Barnard.

Oor die lewe en werk van prof. Barnard is daar in die afgelope maande baie geskryf en gesê, en dit is seker nie nodig om hier in besonderhede daarop in te gaan nie. Ek stip net 'n paar hoofpunte aan.

Seun uit 'n Nederduits-Gereformeerde sendingpastorie, het prof. Barnard die lewenslig aanskou op Beaufort-Wes, waar hy sy jeugjare deurgebring en ook in 1940 in die eerste klas gematrikuleer het. Daarna het

suksesvolle/.......

suksesvolle jare van studie in die Geneeskunde aan die Universiteit van Kaapstad en die Groote Schuur Hospitaal gevolg, en vervolgens kort tydperke as geneesheer in Suidwes en Wes-Kaapland. Met verloop van tyd het hy hom veral tot die Chirurgie, weldra meer bepaald die Hartchirurgie, aangetrokke gevoel, en dit was dan ook in hierdie rigting dat hy aan die Universiteit van Minnesota in die V.S.A. verder gaan studeer het. Enige jare later is hy terug na die Groote Schuur Hospitaal, en word hy weldra terselfdertyd adjunk-professor in die Chirurgie aan die Universiteit van Kaapstad.

Nadat hy verskeie tipes van belangrike hartoperasies in die Groote Schuur Hospitaal met welslae uitgevoer het, het die mees dramatiese geleentheid gevolg, die geleentheid toe, vir die eerste keer in die wêreld, die hart van één mens op 'n ander oorgeplant is. Dit was 'n gebeurtenis wat vrywel onmiddellik tot in die verste uithoeke van die wêreld bekend gemaak is, en wat binne die kort tydperk van enkele maande reeds die betekenis van 'n groot geskiedkundige gebeurtenis aangeneem het.

Om 12.15 vm., Sondagoggend, 3 Desember 1967, staan die hartspan van prof. Barnard gereed. Om 2.15 vm. het die 25-jarige mej. Denise Ann Darvall van Tamboerskloof beswyk, nadat sy in 'n motorongeluk noodlottig beseer was. Die hart van mej. Darvall is verwyder en met 'n hartlong-masjien verbind. Ondertussen het die operasie op mnr. Louis Washkansky begin. In die loop van meer as vyf uur is die defekte hart van mnr. Washkansky verwyder en deur die gesonde hart van mej. Darvall vervang. Dit was 'n triomf, 'n grootse prestasie van die mediese wetenskap, en dit het dwarsdeur die wêreld weerklank gevind.

Mnr. Washkansky is ongelukkig op 21 Desember 1967 - agtien dae ná die operasie - oorlede, maar dit het aan die prestasie van dr. Barnard en sy span geen afbreuk gedoen nie. Trouens, hulle het hierdie prestasie op 2 Januarie 1968 herhaal, toe die hart van 'n 24-jarige Kleurling, Clive Haupt, op dr. Philip Blaiberg oorgeplant is. Hierdie operasie het in werklikheid die kroon gespan op die werk van prof. Barnard, want - soos

ons/........

het merkwaardig herstel en
ons almal weet - ~~is~~ dr. Blaiberg reeds ~~geruime tyd by sy huis terug, en~~ voer hy reeds nagenoeg 'n normale lewe.

Dit is nie vreemd dat prof. Barnard en sy span se treffende, dramatiese prestasie in pers en radio 'n wêreldwye en hoogs uiteenlopende reaksie uitgelok het nie. Ondanks waardering wat daar, ná die operasie op mnr. Washkansky, op baie plekke in Groot-Brittanje was, het sekere Britse koerante en ook die B.B.C. toegelaat en meegehelp om naywer teen Suid-Afrika te laat opvlam. Die twyfelaars was ook volop. 'n Vooraanstaande chirurg, voorsitter van Chicago se hartvereniging, het verklaar: „Die sukses kan maar net tydelik wees"; en 'n ander hartchirurg uit Chicago het gesê: „Dit kon nie opwindender gewees het nie, maar dit is feitlik gedoem om te misluk". 'n Japanse deskundige, wat op etiese gronde beswaar gehad het, het egter beklemtoon: „Dit is 'n epogmakende geneeskundige prestasie".

Maar daar was ook baie ongekwalifiseerde, positiewe stemme, soos dié van die hoof van die Sydney-hospitaal in Australië: „Vir die genesing van kroonslagaartrombose, wat vandag die algemeenste oorsaak van die dood is, bied hierdie hartoorplanting die beste hoop". In ons eie midde het Die Burger, na aanleiding van prof. Barnard se werk, met die veelseggende, betekenisvolle woorde gekom: „'n Land moet in hierdie eeu kyk na sy navorsers en navorsing, of hy sak uit! Hierdie mense is geneig om te gaan waar die vermoëns en geriewe voorhande is vir die rigtinge waarin hulle wil spesialiseer. Dit is 'n saak van lewensbelang dat 'n klein land groot sal wees in die dinge waarin hy groot kan wees, en dit beteken dat hy sy eie, sowel as meer algemene wetenskaplike probleme met die beste beskikbare kragte moet aanpak. Ook hierin moet Suid-Afrika 'n leier in Afrika bly". - 'n Mens het rede om tot die konklusie te kom dat Suid-Afrika nog nooit één enkele gebeurtenis opgelewer het wat in die mate soos prof. Barnard se eerste hartoorplanting, die verbeelding en aandag van die wêreld vasgegryp het nie.

Significance (Medical Science).

Die betekenis van prof. Barnard se werk lê vanselfsprekend eers

English

en/........

en veral daarin dat dit 'n mediese prestasie van die allerhoogste gehalte verteenwoordig. Daar was wel, soos ons opgemerk het, vakmanne wat twyfel gehad het - en daar is diegene wat vandag ook nog twyfel - maar twyfel is immers dikwels een van die kenmerke van die wetenskaplike gees, en 'n mens mag dit die wetenskaplike ook nie ten kwade dui as hy twyfel het nie. Hoe 'n mens egter ook al na die prestasie van prof. Barnard kyk, jy moet dit as 'n historiese deurbraak, 'n magtige gebeure, op die gebied van die mediese wetenskap aanvaar.

Faithful application and total dedication

Die prestasie van prof. Barnard lewer vir ons verder 'n sprekende bewys van die sukses wat met volgehoue toewyding en algehele oorgawe aan 'n bepaalde lewenstaak behaal kan word. Toe sy taak en roeping as chirurg en navorser vir hom duidelik geword het, het hy volkome daarin opgegaan. Nie dat hy opgehou het om gewone, lewensblye mens te wees nie; inteendeel, hy het sy huis, sy vriende, sy persoonlike belangstelling in dinge van die lewe om hom heen, bly behou. Maar sy werk het hom opgeëis, en dag en nag was hy gereed om sy kragte daaraan te wy, selfs wanneer hy doodmoeg in sy operasieteater moes volhou. As Suid-Afrika - by name Jong Suid-Afrika - vandag na 'n ware simbool van onverpoosde arbeid en welverdiende sukses soek, sal hy dit by uitnemendheid in Chris Barnard vind.

Healthy team work.

Hierdie groot prestasie het ook vir ons op 'n buitengewoon treffende en oortuigende wyse die kardinale betekenis van gesonde spanwerk tuisgebring. Prof. Barnard kon nooit sy prestasie alléén behaal het nie; hy het goed-opgeleide, deskundige manne en vroue om hom nodig gehad om 'n veelvuldigheid van take te verrig, wat vir die welslae van sy werk gebiedend noodsaaklik was. Dit het ons getref hoe hy by herhaling opregte waardering vir die hulp van sy medewerkers uitgespreek het en onomwonde verklaar het dat as dit nie vir hulle gesonde, hartlike spanwerk was nie, hy nooit sy sukses sou kon behaal het nie.

Dit was egter ook nie net spanwerk van persone nie, maar tewens spanwerk van instansies. Ons is getref deur die onontbeerlike bystand wat

die/...........

die Kaaplandse Provinsiale Administrasie, onder leiding van Sy Ed. die Administrateur, gelewer het. By name het ook die Groote Schuur Hospitaal, wat onder die Provinsie ressorteer, persone en fasiliteite beskikbaar gestel; en owerigens het die Universiteit van Kaapstad, met sy Fakulteit van Geneeskunde, opleiding en inspirasie verskaf. Soek ons na stawing van ons land se mooi leuse: Eendrag maak Mag, dan kan ons dit nie beter kry nie as juis in die wyse waarop prof. Barnard sy hartoorplantingswerk verrig.

Image of South Africa.

Die groot betekenis van prof. Barnard se werk lê ook dáárin dat, soos aan die begin reeds terloops vermeld is, hy 'n geweldige bydrae gelewer het om aan die naam van Suid-Afrika in die buiteland nuwe betekenis te gee. Ons weet almal wat ons groot probleem in hierdie verband is. Deur die sameloop van tydsomstandighede, en deur die samevoeging van die byna onstuitbare magte van massamedia soos die tydskrif, die koerant, die radio en die televisie, is daar in die meeste lande van die buitewêreld 'n beeld van Suid-Afrika opgebou en versprei wat vir ons, om dit sag te stel, uiters ongunstig is. Van ons kant doen ons wat ons kan om meer billikheid te bewerkstellig, maar ons weet dat ons beste pogings betreklik min uitwerking het. Nou is daar beslis geen enkele gebeurtenis nie wat sóveel gedoen het om van Suid-Afrika 'n billiker beeld na buitentoe uit te dra as hierdie hartoorplanting van prof. Barnard. Dit het met onweerstaanbare krag getuig van 'n ontwikkeling en beskawing en navorsingsbekwaamheid wat vir baie van ons voortvarende kritici die wind uit die seile geneem het. Ons kan reeds vandag die betekenis van prof. Barnard se werk in hierdie verband raaksien. Maar ek glo stellig dat ons later, wanneer ons die hulp van 'n historiese perspektief het, dit nog veel duideliker sal besef.

Mrs. Barnard

Terwyl ons nou kortliks by die hoofmomente van die werk van prof. Barnard stilgestaan het, en ook die betekenis daarvan geskets het, bly daar nog veral één punt oor wat hier nie vergeet mag word nie. Die sukses wat hy gehad het, sou hy nooit kon gehad het, en die werk wat hy vir Suid-Afrika gedoen het, sou hy nooit kon gedoen het, as hy nie voortdurende, lojale, besielende steun onmiddellik aan sy sy gehad het nie - mev. Louwtjie Barnard. Sy was mej. Lettie Louw. Die familienaam Louw het

'n goeie/.......

English

'n goeie klank in ons geskiedenis. Mev. Barnard het hieraan getrou gebly. Ons dank haar van harte vir al die opoffering wat sy haar getroos het, en vir al die moeite wat sy gedoen het, om dit vir haar eggenoot moontlik te maak om ons land en ons mense op so 'n skitterende wyse te dien.

* * * *

Christiaan Neethling Barnard, u het op uitnemende wyse voldoen aan die vereiste wat vir die ontvanger van die Hendrik Verwoerd-Toekenning gestel word, t.w. dat hy buitengewone diens van nasionale betekenis moet gelewer het. Namens die Trustees, en ooreenkomstig die Statute van die Trust, oorhandig ek hiermee aan u die Hendrik Verwoerd-Toekenning. Ek wens u van harte geluk; ek wens u sukses en seën toe op u wetenskaplike arbeid wat nog voorlê. Ons put vreugde uit die wete dat u, ondanks aanloklike aanbiedinge vanuit die buiteland, vasbeslote is om in Suid-Afrika te bly en om u kragte nog steeds beskikbaar te stel vir die diens van Suid-Afrika, en vir al sy mense.

H. B. Th.
..............................
VOORSITTER,
HENDRIK VERWOERD-TRUST.

Kaapstad,

4 Junie 1968.